education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL

MODELVRAESTEL (MEMORANDUM)

VRAESTEL 1

TAAL IN KONTEKS 2008

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie memorandum bestaan uit 4 bladsye.

Kopiereg voorbehou

MEMORANDUM					
Vraag	Antwoord	Punt	LU	AS	Denkvlak
1.1	hartverskeurend√, afmaai√, paniekbevange√ (Slegs twee woorde)	2	2	1.3	Barrett 1
1.2	Dit dui aan dat die kalwers ingesluit is in die slagting./Die kalwers word nie ontsien nie./Dit wek simpatie by die leser/Beklemtoon die verskriklikheid dat selfs baba-olifante afgemaai word. (enige een, volsin) √	1	2	1.4	Barrett 3
1.3	Die publiek sal inspraak hê in die besluit./Hulle sal eers praat/besin/redeneer voordat daar oorgegaan word tot aksie./Daar sal genoeg tyd wees om te reageer.√ (eie woorde, volsin)	1	2	1.6	Barrett 3
1.4	Hewige/histeriese/felle teenkanting/besware/protes (optogte)	1	2	1.1	Barrett 1
1.5	Voorbehoedmiddels/ verskuiwings√ (enige een, een woord)	1	2	1.3	Barrett 1
1.6	Sonder uitdunning word kosbare ekostelsels verwoes.√/Die olifante het te veel geword.√/Die getalle het geweldig toegeneem.√ (eie woorde,volsin)	1	2	1.1	Barrett 1
1.7	Tydelike opskorting/ tydelike verbod√	1	2	1.6	Barrett 3
1.8	Dit word tot stof/poeier vertrap/Die grond/oppervlak word onbruikbaar/Bo-grond gaan verlore en word weggewaai.√ (enige een)	1	2	2.4	Barrett 3
1.9	Ja. Ekostelsels moet in balans met die belange van olifante wees/ Daar moet nie oorhaastig opgetree word nie√ OF Nee. Uitdunning is in alle gevalle onverantwoordbaar/onaanvaarbaar.√ (Respons en motivering moet sluit. Motivering bepaal die punt)	1	2	2.10	Barrett 4
1.10	Ek verwag dat die teks oor oppervlakkige nuwighede/verandering/snaaksighede in die oefenwêreld sal gaan.√	1	2	1.1 1.7	Barrett 3
1.11	‘n Persoon wat ‘n meester/afrigter/instrukteur van joga is.√	1	2	1.6	Barrett 3
1.12	Mening√ Dit is slegs die skrywer se opinie/ ander hoef nie (noodwendig) met hom saam te stem nie.√ (Motivering bepaal die punt)	2	2	2.3	Barrett 3
1.13	Gliterati is bewus/gesteld op wat hulle dra/modebewus/hoe hulle lyk.√ Fiterati is gesteld op hul fiksheid/hoe hulle fiks bly.√ (moet onderskeidende kenmerke noem)	2	2	2.1 1.2	Barrett 2
1.14	Dit is outyds/ouderwets/verouderd/nie in die mode nie. (moet ‘n oordeel reflekteer)√	1	2	3.1	Barrett 2
1.15	1.15.4/avontuurlik√	1	2	1.6	Barrett 3
1.16	Daar is dikkes/gewigtiges/swaarlywiges vir wie oefening met sandsakke nie baat nie/almal op steiers is nie goed gebou nie.√	1	2	2.5	Barrett 1
1.17	Eerder as om bloot fiks te word, kan fiterati ‘n daadwerklike bydrae lewer om onvoltooide bouwerk af te handel/ hulle kan meer doen as om net sandsakke rond te skuif en help met onvoltooide bouprojekte (vir 2010.)√	1	2	2.5	Barrett 3
1.18	Dis informeler/ alledaagser/ meer toeganklik/ deel van spreektaalvorme√ (enige een)	1	2	3.1	Barrett 4
1.19	Johannesburg/ Joburg√	1	2	4.1	Barrett 1
1.20	Besoekers aan Johannesburg√	1	3	1.2	Barrett 3

1.21	wonderlike/ongelooflike/omvattende/fantastiese (enige een)√	1	4	3.3	Barrett 5
1.22	Dit dui op die rondsnuffel (surfing) op die webblad./Dit dui op beweging√	1	2	4.1.2	Barrett 4
1.23	Ja. (Nee is onaanvaarbaar) Dit is tekenend van Johannesburg se silhoeët./ Dit is modern/ Dit dui die stad as 'n plek van geleenthede aan waar die son opkom/ Dit dui die stad as polsend en met 'n opwindende naglewe aan met die son wat sak. Dui op hoë geboue en torings. (aanvaar meer antwoorde met goeie motivering)	1	2	2.6	Barrett 3
1.24	Ontwerp: Teks 3A het meer inligting en is meer visueel (4 voorstellings) as teks 3B (2 grafika)./In teks 3A is daar 6 foto's van die stadsbedrywighede en in teks 3B is daar 5 foto's./ In teks 3A word die silhoeët van Johannesburg ook met 'n werklike foto geïllustreer. Plasing: By teks 3A word die simbool van Johannesburg se silhoeët bo en onder gebruik./ Die slagspreuk word in teks 3A bo en in teks 3B onder geplaas./ By teks 3A is die foto's van die stadsbedrywighede in die middel en in teks 3B aan die voet van die advertensie. Lettergrootte en lettertipe: By teks 3A word daar hoofsaaklik van onderkas (kleinletters) gebruik gemaak en in teks 3B is daar ook bo-kas (hoofletters)./Groter variasie in letteruitleg (golfie in inleiding) kom in teks 3A voor. (enige 2)√√	2	2	1.6 2.9 4.1.2	Barrett 5
1.25	Kandidaat se eie keuse. 'n Keuse moet uitgeoefen word. Motivering bepaal die punt.√√	2	2	2.10	Barrett 5
					TOTAAL 30

Vraag 2: Breinkaart

1. Deon Meyer is in die Paarl gebore en het in Klerksdorp grootgeword. (een sin)
2. Hy het as joernalis, persverteenwoordiger, kopieskrywer, kreatiewe direkteur, internetstrateeg en konsultant gewerk./Hy bestuur 'n internetmaatskappy en skryf rubrieke en romans. (enige een, een sin)
3. Hy het vroeg al begin skryf./ Hy skryf weeksdae vroeg in die oggend. (enige een, een sin)
4. Hy het in 2001 en 2003 die ATKV- Prosaprys gewen./ Hy trek Hollywood se aandag met *Feniks.*/ Sy prosawerke is in verskeie tale vertaal. (enige twee, twee sinne)
5. Deon is doelgerig, geroetineerd en kreatief. (minstens twee karaktereienskappe in een sin)
6. Hy is 'n gesinsmens, motorfietsfanatikus en hou van lees, rugby en kosmaak. (minstens twee passies in een sin)

Nasienriglyne

- Ken 'n punt toe vir elke korrekte sin = 7 punte
- Beoordeel taal en styl = 2 punte
  - Skryf volsinne, geen taalfoute, hoogstens drie spelfoute = 2 punte
  - Taalfoute en hoogstens ses spelfoute = 1 punt
  - Telegramstyl = 0
- Kontroleer dat aantal woorde nie oorskry word nie.
  - Aantal woorde korrek en korrek aangedui = 1 punt
  - Aantal woorde oorskry of nie korrek aangedui nie = 0 punte
  - Sien slegs na tot 80 woorde. (Die kandidaat verbeur dan die punt vir die korrekte aantal woorde.) 7+2+1=10

				TOTAAL 10	
2	Breinkaart	10	2	1.5	Barrett 2
3.1	Dit is onafgehandel/uitstaande/onvoltooid/ nie seker nie.(eie woorde) √	1	4	2.12	Barrett 3
3.2	bewaarheid√	1	4	1.9	Barrett 2
3.3	Dit is iemand wat die gebruik van albei sy bene verloor het (‘n parapleeg) wat aan ‘n olimpiese sportsoort deelneem. √	1	4	1.7	Barrett 3
3.4	Durbaniete (meervoud en korrekte spelling)√	1	4	1.9	Barrett 1
3.5	knie/knieg√	1	4	1.5	Barrett 1
3.6	Dit dui aan dat dit die Olimpiese Spele vir nie-gestremde atlete is. √	1	4	2.11	Barrett 3
3.7	Die lyk is ter aarde bestel. (dooie menslike liggaam)/Die model is ‘n lewende lyk. (maer en vervalle)/‘n Lyk is weggegooi na die partytjie. (leë drankbottel) (enige een)√	1	4	1.8	Barrett 1
3.8	Bo√	1	4	2.1	Barrett 1
3.9	verbysterende (spelling)√	1	4	2.3	Barrett 1
3.10	sukkel (aanvaar ook ander korrekte woorde in konteks)√	1	4	3.3	Barrett 2
3.11	Pistorius sê dat die IAAF sy geval bestudeer en dat hy eersdaags sal uitvind wat hulle besluit het./ Pistorius se die IAAF bestudeer sy geval en hy sal eersdaags hoor wat hulle besluit het. (Geen aanhalingstekens, ‘ek’ moet verander na ‘sy’ en ‘hy’. Alles moet reg wees vir een punt. Geen halwe punte nie.) √	1	4	2.9	Barrett 1
3.12	Die hond spring oor die relings van die stoep (tralies, omheinings)/ Die vrou gebruik die relings teen die muur by die trap. (leuning) √	1	4	1.8	Barrett 1
3.13	Jan van der Merwe √	1	4	1.1	Barrett 1
3.14	handtekeninkie (spelling moet korrek wees) √	1	4	1.5	Barrett 1
3.15	sekonde√	1	4	1.2	Barrett 1
3.16	gelukwensing√	1	4	3.1	Barrett 3
3.17	komitee√	1	4	1.1	Barrett 1
3.18	méér (beide akuutaksenttekens) √	1	4	1.1	Barrett 3
3.19	Dit is asof die kaaskoek self met jou praat.√	1	4	2.9	Barrett 4
3.20	Opstapeling van verkleiningsuitgang/ -kie en –tjie is gebruik.√	1	4	1.7	Barrett 4
3.21	kies:gooi (slegs een woord voor en na die dubbelpunt)√	1	4	2.13	Barrett 1
3.22	eet/geniet√	1	4	3.3	Barrett 2
3.23	Wat jou ook al gelukkig/opgewonde maak√	1	4	2.13	Barrett 3
3.24	Moenie verbaas wees as ek nie vandag goed speel nie.√	1	4	2.10	Barrett 2
3.25	Denotasie: met roes bedek/oortrek. Konnotasie: uit oefening √	1	4	3.1	Barrett 3
3.26	yskoud (een woord)√	1	4	2.1	Barrett 1
3.27	“Gebruik die slaapsak!”√	1	4	2.13	Barrett 3
3.28	dink√	1	4	3.1	Barrett 3
3.29	Nuttig/waardevol/bruikbaar√	1	4	1.9	Barrett 1
				TOTAAL: 30	
				GROOTTOTAAL: 70	